BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim bevorder borsvoeding

Hanri van Niekerk

Die afgelope jaar het ek as BabaGim -Instrukteur weer besef watter belangrike rol BabaGim in alle baba's se lewens speel, maar veral ook in vroeggebore babatjies (prem babas) sin.

Franco is op 31 weke gestasie tyd gebore a.g.v swangerskap-komplikasies.Hy was 'n maand in die ICU-versorg voordat hy kon huistoe gaan. Terwyl hy in die ICU was het mamma uitgemelk en is hy per buis gevoed. Mamma het my gekontak 'n paar dae voordat hy sou huistoe kom. Sy suigrefleks was nog swak en sy was nie seker of sy hom ooit met sukses sou kon borsvoed nie. Ek het week 3 (van BabaGim 2: Ferm Grondslag) met haar behandel en aan haar gewys hoe om Franco se suigrefleks te help versterk.

Ek het ook aan haar verduidelik dat vel tot-vel kontak met baba baie belangrik is. Ek was saam met haar so dankbaar dat sy Franco suksesvol kon borsvoed vanaf sy eerste aand by die huis!

Franco het n paar weke na ontslag die BabaGim 2: Ferm Grondslag kursus voltooi. Hy het onlangs n jaar oud geword en is 'n gesonde aktiewe babatjie wat die wêreld vol kruip!

p : 011 888 5434 m : 082 301 5860 f : 086 618 9038 e : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za